

Ons Haantjie

Nr 128

Nov 2016

Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familielond

Wingerd 205
Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
Villiersdorp
6848

Tel: 028 840 0113 www.henning.org E-pos: olie4@henning.org
Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

Die verhaal van Magdalena Maria Daisy Henning (gebore Beeton)



Magdalena Maria Daisy Henning (gebore Beeton *5-1-1877 en haar man b7.c8.d8.
Olivier Johannes Henning *11-9-1869

Oor die afgelope ses-en-dertig jaar het ons probeer om grepe van die geskiedenis van soveel as moontlik Hennings te versamel en in ons Henning Familiekroniek op te neem. Die gevolg hiervan is dat die kroniek reeds so uitgebreid is dat wanneer mense hulle familie se rekords opsoek, hulle dikwels net in aanraking kom met lede van die tak waaraan hulle behoort. Die mooi verhale van mense van ander takke kom nie onder hulle aandag nie.

Sedert Nuusbrief nr 1 van 1985 het ons egter probeer om mooi en/of aangrypende verhale van individue of families van al die Henning takke in die Nuusbrief te publiseer en die belangrikste dele, na die familiekroniek oor te dra. Die inhoud van al ons nuusbrieue vorm inderwaarheid deel van ons geskiedskrywing. So neem almal wat die nuusbrieue ontvang kennis van die mooi en aangrypende verhale van Hennings van ander takke van die familie.

My ondervinding is dat wanneer ek vir Hennings vra om bietjie van hul ouers en/of grootouers te vertel, hulle slegs basiese feite van hulle pa of oupa (of verdere voorsate) kan onthou, maar met veel

meer deernis en emosie dinge van hulle ma of ouma onthou – veral as sy net ‘n huisvrou en moeder vir haar kinders was.

Ek wil dus weereens ‘n ope uitnodiging rig aan al ons Hennings wat nog nie vir ons oor hul ouers/ grootouers geskryf het nie, om die penne uit te haal, of voor die rekenaar te gaan plaasneem en hulle deel te doen.



‘n Foto van Daisy Henning *1877 (links agter) as jong dametjie saam met haar ma en broer en susters. Voor Moeder Wilhelmina Margaretha Beeton (gebore Vos) *1850, tweede vrou van Arthur Beeton, Lily *1883 en Percy *1878. Regs agter, Violet *1881

In die vorige nuusbrief het ons berig oor b7.c5.d8.e4 Onstaal Henning *1-3-1905 en hoe hy, weens die verengelsingsbeleid van Lord Milner tydens en na die ABO, hierdie pragtige patriotiese naam gekry het.

In hierdie nuusbrief wil ek afskop met my eie ouma, Magdalena Maria Daisy Henning (gebore Beeton) * 5-1-1877 vrou van b7.c8.d8. Olivier Johannes Henning *11-9-1869 en hoe sy deel was van Milner se planne om Afrikaner kindertjies te verengels.

Haar noemnaam was Daisy. Sy was die dogter van Arthur Beeton *1839 en sy tweede vrou, Wilhelmina Margaretha Vos. Daisy was maar ses jaar oud toe haar pa in die ouderdom van 44jaar oorlede is. Verskeie van haar voorsate (aan haar ma se kant) was bekende silversmede gedurende die agtiende- en negentiende eeu aan die Kaap van Goeie Hoop. Sy was ook aan vaderskant ‘n nasaat van die 1820 Britse Setlaars en dit is bekend dat van haar verre voorsate in die tyd van Koningin Mary van Skotland van die Skotse aristokrasie was.

Ek begin soos ek my ouma leer ken het. Ekself is gebore in 1943 en my

ouers het gedurende 1947 vanaf Aliwal-Noord na Brakpan verhuis. My pa moes sy plaas verkoop omdat dit in daardie jare, kort na die Wêreldoorlog, nie ‘n ekonomies lewensvatbare eenheid was nie en ons nie ‘n menswaardige bestaan kon maak nie. Hy moes gaan werk soek op die goudmyne aan die Oos-Rand.

Soos alle kinders, is daar nie veel wat ek van die eerste vier/vyf jaar van my lewe onthou nie. Gedurende 1948/49 het ons ouma vir ons in Brakpan kom kuier. Vir my was sy eintlik ‘n vreemdeling, want sy was Engelsspreekend! Ek onthou egter dat my ma op ‘n keer vir haar suster gefluister het dat ouma Daisy aan die einde van die negentiende, begin twintigste eeu ‘n onderwyses was en dat sy een van die onderwysers was wat Lord Milner, Goewerneur van die Kaap Kolonie, wou gebruik om al die Afrikaner kindertjies na die Anglo Boere-oorlog te verengels. Ek het skynbaar nie die hele gesprek tussen my ma en haar suster verder gehoor of verstaan nie. Die feit dat sy Afrikaner kindertjies moes verengels – wat dit ookal beteken het – was vir my as ‘n ses/sewejarige Afrikanerseuntjie skokkend, wat ek my hele lewe verderaan onthou het.

Tydens ouma Daisy se besoek het beide my ouers gewerk, om die pot aan die kook te hou en was ons vyf kinders smiddae alleen saam met ouma Daisy by die huis. Op 'n keer was ek skynbaar "stout" en het sy met my in Engels geraas. Ek het 'n klip opgetel en wou haar met die klip gooie, omdat sy met my in Engels gepraat het. Ek het skynbaar onthou van die verengeling van die Afrikaner kindertjies! Daardie aand moes ek verantwoording doen vir my wandaad!

Ek het ouma Daisy eers werklik leer ken na haar dood, toe ek intensief navorsing begin doen het na die Henning families. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat sy inderwaarheid werklik 'n formidabele vrou was!

Daisy Beeton het in Kaapstad grootgeword, by 'n kloosterskool skoolgegaan en na skool vir onderwyseres geleer. Sy was 'n ywerige leser en het 'n uitgebreide kennis van meeste lande en hul geskiedenis gehad. Sy was 'n uitstekende storieverteller en baie vaardig met woorde en spelling. Sy was gevolglik 'n uitstekende briefskrywer en het dikwels briewe namens mense wat nie kon skryf nie, geskryf. Sy het in konserte gesing en was, soos haar ma, 'n bekwame pianis. Sy was ook 'n uitstekende kok en kleremaker. Sy het al haar eie en haar dogters se klere gemaak.

Kort nadat sy ongeveer 1897/98 as onderwyseres gekwalifiseer het, het sy begin skoolhou by 'n plaasskooltjie te Telemachuskop, naby die dorp Jamestown, in die Oos-Kaap. Daarna skuif sy na die skooltjie op die plaas Krompoort tussen Burgersdorp en Aliwal-Noord. By beide skole moes sy as 'n Engelssprekende onderwyseres (en een van Lord Milner se pionne) vir Afrikaanse kindertjies skoolhou.

Sy ontmoet haar toekomstige eggenoot, Olivier Henning van die plaas Damfontein gedurende die tyd wat sy by Krompoort skoolhou. Gedurende hierdie tyd breek die Anglo Boereoorlog uit. Beide Daisy en Olivier was kolonialers en het, soos 'n groot persentasie van die boere in die Aliwal-Noord distrik, nie kant gekies nie. Daar was egter ook baie Afrikaners wat hulle volksgenote van die Republiek van die Vrystaat stilswyend of aktief as rebelle ondersteun het. As gevolg van die wandade van die Britse magte, was baie verbitterd en gekant teen verhoudings tussen Afrikaners en Engelse. Die baie bekende Kmdt Willem Fouche (later Genl Fouche) van die Rouxville Kommando het op 'n keer gedurende 1901 vir Olivier Henning wat met sy perd op pad dorp toe was, voorgekeer en hom met sy sambok aferansel, omdat Olivier nie by die Boeremagte wou aansluit nie en hy bewus was van Olivier se Engelssprekende vriendin.

Olivier Henning (33) en Daisy Beeton (25) trou op 8 Julie 1902 in die Methodist Kerk, Maitland, Kaapstad, kort na die beeindiging van die Anglo Boereoorlog. As 'n verfynde stadsmeisie moes Daisy nou plaastoe trek in sekerlik die mees onherbergsame deel van Suid-Afrika. Die heel laagste temperature wat ooit in Suid-Afrika gemeet is, word tot vandag toe hier gemeet; daar is elke paar jaar 'n knellende droogte en hier is geen oppervlakwater nie; hier is ook geen brandhout nie. Die Hennings is egter van die pioniers wat met vindingryke planne hierdie geweste bewoonbaar gemaak het en Daisy pas vinnig aan. Oor die volgende sestien jaar, tot 1918 het hierdie egpaar agt kinders, waarvan een as baba oorlede is. In 1918 tref 'n ramp die Henning gesin. Pa Olivier word siek tydens die groot wêreldwye griepepidemie en hy sterf op 28 Oktober 1918 toe hy slegs 49 jaar oud, sy oudste kind slegs 14-jaar en die jongste slegs ses maande oud was. Ma Daisy was dus nou alleen en word voltyds boervrou. Hoewel sy self Engelssprekend bly, gaan sy voort om haar kinders – veral die drie seuns - Afrikaans groot te maak — hoewel sy voortgegaan het om hulle

kultureel op die hoogste beskawingsvlak te onderrig het. Sy en haar gesin het lidmate van die Methodist Kerk in Aliwal-Noord gebly.



'n Foto wat in 1925 van Daisy Henning en haar sewe kinders geneem is. V.l.n.r: Mona *1910, Enid *1906, Vincent *1911 (voor), ma Daisy *1877, Daphné *1918, Gladys *1913, Stanley *1904 (agter) en Leonard *1908. Leonard sit op sy ma se klavierstoeltjie, wat vandag nog, saam met haar klavier, in die uwe se huis staan. Kyk foto hieronder.



Hierdie klavier (nr 8675), is in April 1905 gebou deur die firma, J Strohmenger@sons van London, Engeland vir O J Henning en sy vrou Daisy, van Damfontein, Aliwal-Noord. Die klavier is per skip van Engeland na die Kaap gebring, van waar af dit per trein vervoer is tot by Burgersdorp en van daar af per ossewa tot by Damfontein in die Aliwal-Noord distrik. Dit is op 29 Augustus 1905 by aflewering op die plaas gestem deur A Dugmore. Ouma Daisy het dikwels saam met haar kinders op hierdie klavier gespeel en hulle het saam gesing. Ouma Daisy se oudste dogter, Enid (getroud Jacobs) het die klavier geërf met haar dood in 1958 en na Enid se dood in 1994 het sy die klavier aan Bondsekretaris Olivier Henning bemaak. Die klavier is tot vandag toe in 'n perfekte toestand

Gelukkig het Daisy vir nog twee jaar die ondersteuning van haar skoonpa op die plaas gehad, maar na sy dood in 1920 moes sy van plaasvoormanne gebruik maak, totdat haar eie seuns oud genoeg was om die boerdery oor te neem. Sy gaan woon hierna by haar dogter Gladys Truter in Aliwal-Noord waar sy in 1958 sterf. Na haar man se dood, het sy nooit weer belanggestel om weer te trou nie.

Hoewel ouma Daisy as een van Milner se pione begin werk het, het sy, die oomblik toe sy met Afrikaner kindertjies te doen gekry het, en haar toekomstige eggenoot ontmoet het, besef wie werklik "haar mense" was en het sy inderwaarheid gehelp om te verseker dat Milner se kwaadaardige planne misluk het.

Dorslandtrek

Gedurende die vroeë 1870's was daar groot onenigheid, veral op godsdienstige gebied, tussen die burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR). In Mei 1874 het 'n groep burgers besluit om weg te trek en het besluit om Angola toe te trek. In 1875 het 'n tweede (groter) groep van 128 waens met ongeveer 480 mense hulle gevolg. Hulle het hulself egter misreken met die ongenaakbare woestyn en semi-woestyn waaroor hulle moes trek en verskeie het onderweg van dors omgekom. Hoewel talle trekkers Angola bereik het, waar die Portugese regering grond by San Januario de Humpata aan hulle toegeken het, het dinge nooit voorspoedig met hierdie groep Afrikaners gegaan nie. Weens die ontberinge wat hulle moes ervaar, het hierdie trek in die geskiedenis as die Dorslandtrek bekend geword.

Teen 1928 het die meerderheid van die Dorslandtrekkers en hul nasate, met die hulp van die Suid-Afrikaanse regering, besluit om na Suid-Wes Afrika (Namibië) terug te keer. So is nog 'n hoofstuk in die geskiedenis van die Afrikanervolk afgesluit en 'n nuwe ingelui. As mens na die naamlyste van die Dorslandtrekker kyk, blyk dit op die oog af of geen Hennings aan hierdie noodlottige trek deelgeneem het nie, maar nadat ons dieper gedelf het, het ons tot ander insigte gekom. Ons kon drie persone opspoor met Henning verbintenis. Twee Henning vrouens wat met mans met ander vanne getroud was en dan natuurlik wyle tant Alie Henning (gebore van der Smit), van wie ons bewus was, wie se ouers Dorslandtrekkers was. Tant Alie is in Angola gebore en het in 1928, saam met haar ouers na Suid-Wes Afrika (Namibië) verhuis.

In 2003, vyf-en-sewentig jaar na die terugtoog na Suid-Wes Afrika, het nasate van die Dorslandtrekkers en ander belangstellendes 'n gedenkfees naby Swartbooisdrif, op die grens tussen Namibië en Angola, gehou. Verskeie items en elemente het die program 'n heuglike een gemaak: die tablo's deur die Voortrekkers; kragtige erediens en oordenkings; spesiale behandeling van die oorlewendes van die terugtoog; 'n besielende feesrede deur Prof Pieter Potgieter; die onthulling van die gedenksteen en kranslegging by die monument en natuurlik die staaltjies en belewenisse van die 20 erefeesgangers, daardie uitgelese groepie wat nog in Angola gebore is en die trek na Suid-Wes Afrika as kinders meegevoer het.

Een van hierdie erefeesgangers was tant Albertina (Alie) Henning, gebore van der Smit, wat op 25 Augustus 1920 te Mombola in Angola gebore is. Sy is die eggenote van wyle b1.c3.d10.e10.f4.Henning Willem Jacobus Henning. Tant Alie se ouers was van die Dorslandtrekkers en sy is gevoglik in Angola gebore. Tant Alie het in 1928 saam met haar ouers na Suid-Wes Afrika verhuis, waar sy later haar toekomstige egghoof ontmoet het.

Tydens die fees in 2003 is daar 'n komitee verkies wat beheer sou vat van 'n poging om fondse in te samel om 'n gedenkteken op te rig vir die Dorslandtrekkers en om 'n geskikte terrein vir so 'n gedenkteken te soek. Onderhandelinge met die bestuur van die Erfenisstigting en die Voortrekkermonument (VTM) in Pretoria is aangeknoop en 'n geskikte plek op die terrein van die VTM geïdentifiseer. Gedurende Augustus 2014 gee die bestuur van die VTM goedkeuring dat die Dorslandtrek-Gedenkteken daar opgerig kon word. 'n Sooispit geleenthed is op 24 Maart 2015 gehou en op 19 Maart 2016 het die inwydingeremonie plaasgevind.



Tant Alie Henning (gebore Van der Smit) lê 'n krans by die Dorslandstrekmonument, wat deur haar broer Jan van der Smit, in 1953 gebou is, met Dirkie Yssel, 'n dogter van die bouer

Intussen het Tant Alie Henning se betrokkenheid ons laat besef dat daar dalk ander mense met Henning konneksies kon wees wat ook by die Dorslandtrek betrokke was en ons het dieper begin delf.

Ons kon na intensiewe navorsing bepaal dat nog twee persone met Henning konneksies by die Dorslandtrek betrokke was.

Na baie jare se navorsing kon ons slegs die geboortebeonderhede van b5.c2.d9. Elizabeth Catharina Johanna Henning *24-9-1843, dogter van b5.c2. Pieter Hendrik Henning en sy tweede vrou, Aletta Catharina Martha (gebore De Bruyn) opspoor. In die rekords van die Dorslandtrek vind ons die eerste getuenis van 'n huwelik tussen Elizabeth (as die weduwee Van Vuuren) en die wewenaar, Rudolph Johannes Holzhausen *1816. Hulle het in die huwelik getree tydens die trek op 6 November 1878. Hierdie register meld verder dat sy voorheen getroud was met 'n N J J van Vuuren, maar hierdie naam kom geensins voor in enige Dorslandtrek register nie. Ons is van mening dat sy en haar eerste man saam op trek gegaan het, maar dat hy tydens die reis oorlede is. Intensiewe navorsing sal nodig wees om hierdie vermoed te bevestig.

Elizabeth sterf op 6 Julie 1887 terwyl hulle nog in Angola gewoon het. Om bietjie uit te brei op Elizabeth se agtergrond, deel ons so 'n bietjie van haar pa se geskiedens. Diegene wat belangstel, kan gerus meer oor hierdie familie gaan lees in die Henning Familiiekroniek.

Haar pa, b5.c2.Pieter Hendrik Henning *1804 was eers getroud met sy niggie, Elizabeth Catharina Booysen (noemnaam Elsa). Hulle het vyf kinders gehad toe sy, kort na die geboorte van hul vyfde kind teen die einde van 1835, gedurende die verwoestende sesde Xhosa-oorlog op hul plaas, De Put in die wyk, Brakrivier, distrik Somerset vermoor is. Pieter Hendrik moes dus man alleen sy vyf jong kinders - ingesluit 'n pasgebore babatjie - op 'n plaas, baie ver van die naaste dorp en die beskawing af, grootmaak en het dus gou na haar dood weer getrou en saam met sy nuwe vrou en sy kinders die Andries Hendrik Potgieter geselskap op hul tog tydens die Groot Trek na Potchefstroom gevolg.



Die Dorslandtrek gedenkteken op die terrein van die Voortrekkermonument in Pretoria,
tydens die inwydingseremonie op 19 Maart 2016



Die tweede persoon wat ons kon opspoor, wat ook by die Dorslandtrek betrokke was, is b9.c6 Elsie Johanna Henning *1-3-1822, dogter van Jan Hendrik Henning en sy vrou Martha Sophia van der Merwe. Volgens die huweliksregisters van die kerk in Bloemfontein, is Elsie op 20-5-1838 daar getroud met Barend Jacobus Gert Wessel Du Plessis *1821. Ons het egter presies dieselfde inskrywing in die kerkregisters van die gemeente in Potchefstroom opgespoor. Gedurende 1838, toe die Groot Trek in volle swang was, is dieselfde registers skynbaar vir die verskillende gemeentes gebruik. Ons is dus nie seker of Elsie in Bloemfontein of in Potchefstroom getroud is nie. Sy het haar in 1878 saam met haar man vanaf Potchefstroom by die Dorslandtrekgeselskap aangesluit.

Boere op die Aardsdrempel

Ons lede sal weet van die dokumentêre film (dokkie) wat die “Good Work Pictures Company” onder leiding van Richard Fynn Gregory sedert 2014 verfilm het van die Boere wat in die eerste dekade van die 20ste eeu na Argentinië verhuis het. Vier Henning gesinne was deel van hierdie epiese uittog en verskeie nasate van hierdie pionier families is vandag lede van die Henning Familiebond. Ons het ook nog kontak met Henning families wat steeds in Argentinië woon.

Bondsekretaris, Olivier Henning het, sover as wat dit vir hom moontlik was, die Good Work Pictures Company bygestaan met gegewens oor die Henning families. Hierdie film is intussen voltooi en het reeds drie SAFTAS van die South African Film and Television Awards vir 2016 verower. Dit is ook vroeër hierdie jaar by die Silwerskermfees vertoon en het net die hoogste lof uitgelok. Huisgenoot dui aan dat “hierdie dokkie selfs ‘n hart van klip sal vermurwe”. Stage and Screen is van mening dat dit ‘n “hartroerende, aangrypende verhaal” is en IOL Tonight beskryf dit as “fascinating, beautiful”

Hoewel hierdie dokkie een of ander tyd op die Kyknet TV kanaal uitgesaai sal word, is dit nou reeds op ‘n DVD beskikbaar by meeste takke van Musica (insl. Namibië), Music Moods, Look&Listen, Top CD.

Die dokkie beeld die lewe uit van ‘n paar families wat in Patagonië, Argentinië boer en nog Afrikaans praat. Een van hierdie Afrikaanspratende Argentyne, Ty (Thys) Dickason (81 jaar) se hartsbegeerte was om eendag ‘n besoek aan Suid-Afrika te kon aflê en sy seun Ruben (Osvaldo) Dickason het dit tydens die verfilming van die dokkie (met die hulp van die film maatskappy) moontlik gemaak. Hierdie toer deur Suid-Afrika is dus ook verfilm en die aangrypende ontmoeting tussen Ty en sy niggie, Maria Henning (gebore Dickason) *12-8-1925 (91jaar) en haar man b6.c1.d3.e5.f3.g8. Willem Henning *22-12-1927 (88 jaar) word ook volledig vertoon. Maria en haar man Willem Henning is beide in Argentinië gebore, maar het in 1938 as kinders, saam met hul ouers na Suid-Afrika teruggekeer. Maria en haar suster, Machtild Johanna Catharina (gebore Dickason) is albei met Argentyns gebore Henning mans getroud.

Ons kan met ‘n oop gemoed hierdie dokkie aanbeveel. Ons het R160.00 by Musica betaal vir ‘n kopie van die DVD.



Ty Dickason (81) van Argentinië ontmoet sy niggie, Maria Henning (gebore Dickason)(91) en haar man Willem Henning (88) wat te Brits woon, by hul huis

Familiebesighede

Dinsdae aande saai die DSTV, Kyknet kanaal ‘n program, “Winslyn, Aktueel” uit. Op 9 Augustus 2016 is daar onderhoude gevoer met Elsebie Henning en haar twee dogters, Gwynzel en Guzanne, wat hul eie besigheid – “*Biscuit Artistry*” - begin het. Hulle bak koekies, beskuit en “browneys” by hul besigheid wat geleë is te Eenheid 45, Old Timber Yard, 7de Laan, Maitland, Kaapstad. Ma Elsebie is verantwoordelik vir produksie en ontwikkeling van nuwe produkte, Gwynzel bestuur die besigheid en Guzanne help haar ma en is verantwoordelik vir bemarking. Pa Leon help oor naweke met bemarking.

Hierdie program het onmiddellik my aandag getrek, weens die professionele wyse waarop Elsebie en haar dogters aan die program deelgeneem het en ek was nuuskierig of ek hierdie gesin op rekord het. Die probleem was dat ek nie enige van die name Elsebie, Gwynzel of Guzanne op rekord gehad het nie. Ek was ook nie seker of pa Leon se naam slegs Leon was nie en of dit nie dalk net ‘n noemnaam was, of dat hy dalk ‘n tweede naam gehad het nie.

Gelukkig het ons eksemplare van die 1987, 2004, 2011 en 2014 kieserslysste. Op die 1987 kieserslys (ou Suid-Afrika lys) verskyn daar natuurlik heelwat informasie oor elke persoon wat geregistreer is en ek vind beide Leon – en Elsebie Henning se volle name en geboortedatums by dieselfde adres in Vryheid, Natal. Met hierdie informasie kon ek nou Leon se posisie in die Henning Familiekroniek bepaal — b9.c3.d3.e8.f1.g2.h1. Leon Henning, gebore 10 Januarie 1956. Ons het nog geen informasie oor enige huwelike of kinders gehad nie.

Biscuit Artistry se verhaal begin in 1995 toe Elsebie en haar jongste dogter, Guzanne koekies begin bak het as ‘n stokperdjie. Guzanne het begin studeer by die Hurst Kampus en het praktiese ondervinding opgedoen by deftige onthaal-restourante en vervaardiging van sjokolade. Dit het nie lank geduur voordat Elsebie en Guzanne besluit het om hulle passie voltyds te

beoefen nie. Hulle het werklik die passie, kundigheid en ondervinding gehad. Al wat kort gekom het, was om iemand te vind wat 'n goeie neus vir besigheid gehad het en wat hart en siel by die besigheid sou inpas. Dit is waar Gwynzel, oudste dogter van Leon en Elsebie Henning toe by die span aangesluit het. Sy verseker dat klante altyd die varste produkte en effektiewe diens kry. Daarna het pa Leon deeltyds aangesluit en verseker dat hulle passie omskep word in 'n suksesvolle besigheid.

Besoek gerus Biscuit Artistry se webwerf by www.biscuitartistry.com om te sien watter smullekker lekkernye hulle vervaardig. Skryf gerus daarna vir Gwynzel by info@biscuitartistry.com of bel haar by 082 845 1771



Elsebie Henning en haar dogter, Guzanne wat vir produksies en produkontwikkeling verantwoordelik is by hul familiebesigheid, Biscuit Artistry in Maitland, Kaapstad



Links: Gwynzel Henning wat die familiebesigheid bestuur en reg, pa Leon wat help met bemarking



Sterfes



Willem Henning *22-12-1927 wat op 3 Februarie 2016 oorlede is

teruggekeer het. Hy en sy ouer broer Pieter Hendrik Dickason susters getroud. Hy en Maria het net een dogter, Johanna Maria wat in 1953 gebore is.

Idelette Henning (gebore Pansegrouw) * 4-9-1928 v/v wyle b1.c3.d7.e9.f6. Nicolaas Henning *10-4-1918 sterf op 3 September 2016, 'n dag voor haar verjaardag, in die ouderdom van 88 jaar. Sy is in Zastron gebore en het ook daar gematrikuleer, waarna sy eers in Pretoria en later in Zastron gewerk het. Sy is op 3 Sept 1949 getroud met Klasie Henning. Twee dogter is uit die huwelik gebore, Hester Sophia (30 Des 1951) en Helena Margaretha (15 Jan 1956). Hulle was woonagtig op die ou geskiedkundige Henning familieplaas, HetKamp, Zastron, tot in 1956 waarna hulle na Pretoria verhuis het.

Van 1961 tot 1971 het hulle op die plaas Bloempoort in die Groblersdal-distrik gewoon. Nadat hulle die plaas in 1971 verkoop het, het hulle

b6.c1.d3.e5.f3.g8. Willem Henning *22-12-1927 na wie ons in die berig oor die Boere op die Aardsdrempel verwys het, is op 3 Februarie 2016 te Brits oorlede in die ouderdom van 88 jaar en twee maande. Hoewel sy doopnaam Willem was, is hy op sy ma se nooiensvan, "Booysen" genoem. Sy ouers (nog ongetroud) het in 1905 saam met hulle ouers na Argentinië emigreer, waar al hulle kinders gebore is. Booysen was dus een van die derde geslag Hennings in Argentinië. In 1938 lei sy vader, Pieter Hendrik Henning 'n groep van 237 gesinne terug na Suid-Afrika en kom Booysen op 10/11-jarige ouderdom vir die eerste keer aan in Suid-Afrika. In 1951 trou hy met Maria Dickason wat ook saam met haar ouers in 1938 na Suid-Afrika




Idelette Henning (gebore Pansegrouw) *4-9-1928, vrou van wyle b1.c3.d7.e9.f6 Nicolaas Henning *10-4-1918. Sy sterf op 3-9-2016

albei in die administratiewe afdeling van Philadelphia Sendinghospitaal gewerk, totdat hulle weer na Pretoria verhuis het in 1975. Albei het daar by die Departement Gesondheid gewerk tot hulle onderskeie aftredes.

Idelette het in 1994 afgetree waarna hulle na Oostvallei Aftreeoord verhuis het, waar beide tot hulle heengaan gewoon het.

Idelette het die Bybelstudie en Vriendekring (sosiale organisasie) by Oostvallei Aftreeoord begin. Sy het ook Kerssangaande gereël, ens. Sy het so baie omgegee vir ander mense, en het in die eerste 15 jaar alle nuwe intrekkers besoek en 'n blommetjie en kaartjie gegee, so ook met almal wat verjaar het of siek geword het. Later, toe sy nie meer so mobiel was nie, het sy almal wat nuut ingetrek het, verjaar het, siek was of iemand aan die dood afgestaan het, gebel en gesels. Nog later, het sy nie meer gebel nie - sy het net vir hulle gebid. Sy het 'n baie goeie sin vir humor gehad en het almal rondom haar gedurig laat lag. Sy is oorlede die dag voordat sy 88 sou word.



**Izak Henning Pieterse *24-3-1952, S/v
b9.c1.d4.e6.f6. Maria Helena Henning. Hy
sterf op 20 Augustus 2016**

**Izak Henning Pieterse *24-3-1952
(noemnaam Henning)** seun van b9.c1.d4.e6.f6. Maria Helena Henning *17-4-1925 en haar man Nicolaas Casparus Pieterse is op 20 Augustus 2016 te Pretoria oorlede. Henning was 'n gewaardeerde lid van die Henning Familiebond.

Henning is op 24 Maart 1952 in Boksburg gebore. Hy slaag matriek in 1969 aan die Hoërskool Dr Johan Jurgens, Springs. Hy begin op 5 Januarie 1970 werk by Barclays Bank in Germiston, as 'n klerk. In 1979 word hy aangestel as rekenmeester in Amsterdam. Daarna volg Bethal. Hierna word hy aangestel as bestuurder van die Eerste Nasionale Bank tak in Wakkerstroom. Hy was ook bestuurder in Trichardt en daarna in Ottosdal.

Na Ottosdal verhuis hy en sy gesin na Pretoria, waar hy in Boland Bank begin werk, wat later by Ned Bank ingelyf is. Gedurende sy termyn in Barclays Bank en ENB verwerf hy die Instituut van Bankiers se CAIB(SA) diploma.

Henning is op 23 Junie 1973 in Potchefstroom getroud met Johanna Sophia Yssel – noemnaam, Joh. Twee eie kinders volg hierna: Sumari Pieterse is gebore 6 Januarie 1976 en Henning Nicolaas Casparus Pieterse is in 1979 gebore. Hy en sy vrou het ook twee seuns in pleegsorg geneem: Johannes Roode gebore 15 Februarie 1983 en Andries M C Roode, gebore 21 Julie 1986.

Henning en Joh het met verloop van tyd drie kleinkinders ryker geword. Bernard Roode is gebore op 25 April 2008, Chelandria Pieterse is gebore 11 Junie 2008 en Ane Roode gebore 2012.

Na sy aanvanklike diensplig in 1970/71 voltooi Henning verskeie militere kursusse en beklee die rang van Majoor in die Burgermag en die plaaslike Kommando

reeds op ouderdom van 24. Sy laaste pos in die ou SAW was as Bevelvoerder van die Secunda Kommando.

Henning het twee heupoperasies ondergaan in 2005 en 2009 en een van die prostese het septies geraak. Hy is toe oorlede van die septisemie, wat sy hele liggaam vergiftig het.

Hy laat sy vrou, kinders en kleinkinders, asook sy moeder, Maria Helena Pieterse (gebore Henning) *17-4-1925 (b9.c1.d4.e6.f6.) (91 jaar) agter.

Geldsake

Die familiebond is dankbaar vir alle donasies wat ons ontvang, want dit verseker dat die familiebond een van die besgeorganiseerde familiebonde in die land bly. Ons hoop dat alle lede minstens een keer per jaar vir ons 'n bydrae sal stuur, maar ons is bewus dat daar families is wat graag 'n groot bydrae van tussen R100.00 en R300.00 per jaar sou wou maak, maar dit net eenvoudig nie kan bekostig nie. Ons het dus die suggestie by lede gelaat om daaraan te dink om 'n klein bedrag van so min as R20.00/R30.00 per maand, maandeliks met 'n debietorder by te dra, in plaas van een groot bedrag een keer per jaar.

Ons is dankbaar om te rapporteer dat die getal lede wat gehoor gegee het aan hierdie suggestie om maandeliks by te dra oor die afgelope paar maande gestyg het na sewe – en sommige van hierdie lede het nie gestop by 'n "klein" bedrag nie! Ons wil graag baie dankie sê aan hierdie lede:

- J A (Jan) Henning van Leraatsfontein, Witbank
- J H (Jan) Henning van Glenstantia, Pretoria
- Mev R T (Runa) van Straaten (gebore Henning) van Doringkloof, Centurion
- Past Antonie Henning van Wonderboom-Suid, Pretoria
- P J S (Pieter) Henning van Ramsgate
- P H (Pieter) Henning van Durbanville
- Mev G S (Gesina) Spangenberg (gebore Henning) van Swakopmund, Namibië

Alle bydraes kan direk in die rekening van die Henning Familiebond inbetaal word. Die besonderhede is as volg: **ABSA Bank Villiersdorp (tak nr 334 612), Rekening nr 2890 610 423.** Dit is 'n tjkrekening. Vermeld asseblief u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing. U lidnommer verskyn op hierdie nuusbrief se koevert of as u die nuusbrief elektronies ontvang, saam met u naam in die adreskolom



Henning Aandenkings

Ons het nog verskeie aandenkings beskikbaar, wat pragtige verjaardaggeskenke sal maak, of sommer net as aandenkings gekoop kan word. U kan telefonies (028 840 0113 of sel 082 355 3801) of per E-Pos (olie4@henning.org) bestel. Ongelukkig word posgeld volgens die gewig van die pakkie bygevoeg, dus sal ons u eers in kennis stel hoeveel die posgeld sal bedra, voordat u die geld in die Familiebond se rekening deponeer. Rekening besonderhede: **ABSA Bank Villiersdorp (tak 334 612); Rekeningnaam – Henning Familiebond; Rekeningnr – 2890 610 423**

6 Vermeld u lidnommer of voorletters en van as verwysing

1. Teelepels — R50.00 elk. **Pragtig as 'n stel van ses of meer, saam met 'n suikerlepel,** of individueel in 'n teelepel versameling
2. Suikerlepels — R54.00 elk
3. Lapelwapens — R30.00 elk
4. Mansjetknope — R100.00 stel. **Werklik pragtig! Kan met trots gedra of in 'n vertoonkas vertoon word. Sal ook 'n mooi erfstuk word**
5. Skryfblokke (50 bladsye) — R30.00 elk
6. Henning CD — R125.00 elk
7. Doen eers navraag wat u pakkie se posgeld sal bedra voordat u enige geld inbetaal. Onthou ook dat as u wil hê dat ons die pakkie met geregistreerde pos stuur, dit 'n ekstra R30.00 sal kos.



Hierdie is die laaste nuusbrief vir 2016. 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar word vir u almal toegegewens. As u met vakansie gaan, reis veilig en kom met nuwe krag huistoe.